# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (31/09)

*Justin Chadwick (7 Augustus 2009)* Citrus Growers Association (CGA)

***GESEGDE VAN DIE DAG:" "The trouble with weather forecasting is that it's right too often for us to ignore and wrong too often for us to rely on" Patrick Young***

**VIER DIE SUKSES: KLOP NIEU-SEELAND IN RUGBY TWEE WEKE AGTER MEKAAR (EN IN BEHEER TE ALLE TYE); MEDALJES, INSLUITENDE 'N GOUE DEUR CAMERON VAN DER BURGH BY DIE SWEM WêRELDKAMPIOENSKAPPE IN ROME**

## ONTHOU – BELANGRIKE DATUMS

Onthou dat die **CGA se AGM by Willow Park Konferensiesentrum (15 minute vanaf OR Tambo Internasionale Lughawe) om 17:00 op 18 Augustus 2009** gehou gaan word **(kennisgewing van AGM by die Jaarverslag ingesluit).** As enige lid enige saak het wat hul by die CGA se Raadsvergadering (op dieselfde dag) of by die AGM geopper wil hê, moet asseblief nie huiwer om myself of jou CGA Raadsverteenwoordiger te kontak nie.

Dit is alweer daardie tyd van die jaar waar ons van die Department van Landbou, Bosbou en Visserye (nuwe naam DAFF) se koördineringsvergadering kennis neem, 'n geleentheid vir die bedryf om met DAFF beamptes te vergader en terug te kyk op dit wat goed en minder goed in 2009 was en om vir 2010 te beplan. Die vergadering sal **in Stellenbosch by LNR Infruitec, Olive Grove op 16 September 2009 om 09:00** gehou word.

## BIOSEKURITEIT

Toename in internasionale handel en reise, tesame met klimaatsverandering, is ernstig besig om die globale profiel van plae en siektes te verander. As 'n sitrusbedryf is daar geen twyfel nie dat biosekuriteit (beskerming teen indringing van nuwe peste en verspreiding van bestaande peste) die grootste uitdaging is wat ons in die afsienbare toekoms moet trotseer. Mens moet net kyk na Florida se vergroening en kanker ondervinding om te sien hoe hierdie nuwe indringers 'n bedryf kan verwoes. Daar is baie ander voorbeelde. In suider-Afrika trotseer ons die bedreiging van *Bactrocera invadens* (Bi), terwyl die wollerige witvlieg begin het om in verskeie plekke in die land te vestig. Wat belangrik is, is dat ALLE rolspelers in die bedryf nodig het om 'n rol in biosekuriteit te speel – dit is nie net die werk van DAFF, of CGA, of CRI nie, dit is die gesamentlike verantwoordelikheid van ALLE ROLSPELERS. Die biosekuriteitsplan behoort plaas higiëne en waarnemingspraktyke, plaag- en siekte beheerpraktyke, waarneming regdeur die voorsieningsketting, waarneming by die hawe van bestemming en 'n goed, bestuurde bewusmakingsveldtog in te sluit. Bedreigings vir biosekuriteit moet geidentifiseer word en geskikte risiko bepalingsaksies moet ontwikkel word.

Alhoewel baie produsente streng plaag- en siekte bestuurspraktyke geïmplementeer het, is daar baie wat gapings in hul praktyke het. Ongelukkig kan die tekort aan aandag op een plaas 'n invloed op die ander hê omdat plae en siektes nie plaasgrense respekteer nie. In een area het alle produsente ooreengekom om Cryptogran te spuit – ELKE PRODUSENT!!! Dit wys nou 'n pro-aktiewe reaksie tot biosekuriteit – hierdie tipe van streeksaksies is nodig om regdeur die bedryf oorweeg te word. Ons weet almal dit is moeilik om 100% verbintenis van alle produsente te kry – maar hierdie streek het dit gedoen – en die resultate in minder onderskeppings van peste was opmerklik.

En hoeveel produsente het veld- en pakhuispersoneel in die identifisering van plae en siektes opgelei? Hulle is die oë in die veld en hul sien meer vrugte as wat die produsent of PPECB ooit sal kan doen. Hoeveel produsente het plakkate van die huidige en bedreigende plae en siektes waar veldwerkers en pakhuispersoneel hulle op 'n daaglikse basis kan sien? Waarneming gaan nie net oor plaagvangste nie.

## FOSKOR

Foskor het hul winste met 128% tot R1.9 biljoen vermeerder – bo en behalwe die 200% kunsmis prysstygings in 2008. Praat daarvan om die produsente te melk wanneer daar geen kompetisie is nie. In die lig van hierdie groot winste, was dit regtig nodig om pryse te verhoog soos wat hulle in 2008 gedoen het? Foskor word 85% deur NOK besit (lees regering) – met die regering wat so 'n groot aandeelhouer is, sou dit nie wyser gewees het om kunsmispryse meer bekostigbaar te hou nie – regering is dus direk verantwoordlik vir die styging in voedselpryse wat deur verbruikers ondervind is.

## GEPAK EN VERSKEEP 2009

Slegs die Suurlemoen Fokusgroep het hierdie week vergader – verminder hulle skatting met 400 000 kartonne weens die swak derde oes in die Oos-Kaap. Clementines is basies klaar – kan nie die 2.9 m skatting haal nie (tot op datum is 2.5 m gepak). Die sagte sitrus se kollig val nou op mandaryne – met 1.6 m van die geskatte 2 m wat gepak is. Met Satsumas wat 300 000 kort is op die skatting en nou clementines wat ook 400 000 kort is, is dit waarskynlik dat die voorspellling ook afwaarts hersien sal word wanneer die Sagte sitrus fokusgroep volgende week vergader.

| Tot Week 31 – Miljoen 15Kg kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Oorspronklike skatting | Nuutste voorspelling | Finaal gepak | Finaal verskeep |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Bron: PPECB** | 2007 | 2008 | 2009 | 2008 | 2009 | 2009 | 2009 | 2008 | 2008 |
| Pomelos | 13.4 m | 12.3 m | 13.1 m | 11.3 m | 12.1 m | 15.1 m | 13.5 m | 12.8 m | 12.4 m |
| Sagte sitrus | 6.3 m | 6.7 m | 6.2 m | 5.6 m | 5.1 m | 7.4 m | 7.1 m | 7.3 m | 6.5 m |
| Suurlemoene | 5.9 m | 8.6 m | 7.3 m | 7 m | 5.7 m | 9.4 m | 8.2 m | 9.6 m | 8.8 m |
| Nawels | 17.4 m | 19.6 m | 18.2 m | 15.6 m | 16.9 m | 21.6 m | 19 m | 21.5 m | 21.2 m |
| Valencia | 15.4 m | 17.4 m | 14.4 m | 10 m | 8 m | 43 m | 39.5 m | 42.8 m | 40.4 m |
| | 58.4 m | 64.6 m | 59.2 m | 49.5 m | 47.8 m | 96.5 m | 87.3 m | 94 m | 89.3 m |

**JOU HEFFING WERK VIR JOU – PRODUSENTE SE HEFFINGS WORD AANGEWEND OM DIE AKTIWITEITE VAN DIE CGA, CRI EN SITRUS AKADEMIE TE BEFONDS**